



Ver paaie in die Kgalagadi

Goeie natuurfoto's gebeur nie vanself nie, sê Hannes Lochner. Vir die foto's in dié artikel was hy meer as 800 dae in die Kgalagadi-oorgrenspark – en hy het oor meer as 80 000 km ses motorbande stukkend gery. Hy het die meeste van sy tyd deurgebring by Rooiputs, aan die

Botswanakant van die park waar daar geen heinings is nie. “Ek het ’n gunstelingboom waar ek my tent opgeslaan het,” vertel hy. “Ek het my kamp gedeel met ’n gesin silwervosse – en in my tyd daar twee vangste gesien: ’n jagluiperd wat ’n springbok plattrek, en leeus wat jag maak op ’n blouwildebees. Al twee dié

diere is ongeveer 40 m van my tent af platgetrek!” Sy veldkamp het vrugte afgewerp. Buiten die dieporanje sonsondergange waarvoor dié wêreld bekend is, het Hannes ook kleiner detail vasgevang: Sonderlinge interaksies en vlietende oomblikke wat gewone parkbesoekers selde te siene kry.

“Daar is twee dinge wat vir ’n goeie natuurfoto sorg,” sê Hannes. “Dit moet emosie hê en ’n storie vertel. As jy reken jy het dié twee aspekte vasgevang, werk jou foto.”
 – Jon Minster
 * Lees ook die eerste artikel in ons nuwe reeks oor die Kgalagadi op bl. 84.

▲ WEGNEEMETE, BERTHA?
 “Een middag laat het ek ’n trop leeus op ’n duin in die verte gesien. Terwyl hulle gewag het dat die son sak, het hulle ’n trop gemsbokke dopgehou. Die volgende oggend het ek dieselfde leeus met rooigevlekte gesigte raakgeloop – hulle jagtog was duidelik ’n sukses.
 “Die hele tyd dat ek in die park deurgebring het, het ek die leeus omtrent net vier keer aktief sien jag. Die res van die tyd het hulle maar gedoen wat leeus die heel beste doen – slaap!”
HOE? Nikon D700, 600 mm-lens; lensopening f4; ISO 400; sluiterspoed 1/250 van ’n sekonde. >



◀ KOM UIT DIE PAD, MAN!

“Dié luiperd het ’n springbok opgesleep in ’n kameel-doringboom, waar daar ook ’n versamelvoël nes was. Nadat hy hom dik gevreet het, het hy afgeklim en in die son gaan dut. ’n Paar uur later was hy reg vir sy tweede porsie, maar toe hy onder by die boom kom, het hy hom vasgeloop in ’n groot geelslang wat aan die versamelvoëlkuikens weggele het!

“Die luiperd en die slang het mekaar vir sowat tien sekondes senuagtig dopgehou voordat die slang weer in die boom op en terug in die nes geseil het. Die luiperd het besluit om hom eerder skaars te hou en is terug na sy sonkol. Ek moes ongeveer agt uur wag dat iets gebeur, maar dié oomblik het dit die moeite werd gemaak.”

HOE? Nikon D2X, 600 mm-lens; lensopening f4; ISO 200; sluiterspoed 1/180 van ’n sekonde.



▶ EK’S ’N DAPPER MUIS...

“Daar is altyd aksie in die Kgalagadi. Hou dus die kamera byderhand ná jou oggendwilsrit...”

“Toe ek een oggend terugkom by Nossob, het dié

episode hom voor my tent afgespeel. Die witkwasmuis-hond het die geelslang binne 30 sekondes doodgemaak.

Die grondeekhorning, wat veronderstel is om ’n ve-

getariër te wees, het blykbaar besluit dis tyd om ’n vleishappie te proe, maar die muishond wou niks weet van deel nie.

“Hulle het vir omtrent ’n

minuut baklei voordat die muishond met sy buit vort is en in sy gat verdwyn het.”

HOE? Nikon D2X, 300 mm-lens; lensopening f8; ISO 200; sluiterspoed 1/1 250 van ’n sekonde.



◀ SLANGEWALES

“Nee, dié pofadders baklei nie; hulle paar!

“Dis ’n sonderlinge gesig en ek was baie opgewonde oor die kans om hulle dop te hou. Die pofadder gee in ’n deursigtige membraansakkie geboorte aan kleintjies wat inwendig ontwikkel en hou die rekord vir die meeste babaslange per geboorte – ongeveer 150!

“Ek wou so laag as moontlik wees en het die kamera op ’n boontjiesak staangemaak en plat op my maag gaan lê.”

HOE? Nikon D2X, 300 mm-lens; lensopening f7.1; ISO 200; sluiterspoed 1/1 250 van ’n sekonde. >



WEGKOMKANS

"Ek was omtrent twee maande elke oggend by dié watergat om twee dinge af te neem: edelvalke en jakkalse wat duiwe vang,

en sandpatryse wat kom water drink.

"Dis moeilik om op 'n jakkals te fokus terwyl hy sy prooi aanval, veral as hy na

jou toe storm met omtrent 'n duisend duiwe wat in alle rigtings voor hom laat spat.

"Ek het oor en oor probeer voordat ek die perfekte

skoot gekry het. Ek hou van die valk se stertvere in die jakkals se bek.

"Net 'n ligte ontbyt hierdie keer!"

HOE? Nikon D700, 600 mm-lens; lensopening f4; ISO 640; sluiterspoed 1/2.500 van 'n sekonde.

'CHILL' TOG NET, MA

"Dié wildebeeskalfie was maar 'n uur oud en nog onvas op sy bene. Die hele trop het water gedrink en die kalfie wou ook sy dors les, maar verloor toe sy balans en beland karplaks in die watergat.

"Gelukkig het Mamma

vinnig tot sy redding gekom. Ek is dol oor die ma-wildebees se heel intense gesigsuitdrukking en die kalfie se "whatever"-uitdrukking.

HOE? Nikon D700, 600 mm-lens; lensopening f4; ISO 400; sluiterspoed 1/250 van 'n sekonde.

Wees op die uitkyk vir Hannes Lochner se nuwe boek, Colours of the Kalahari, wat in 2010 bekend gestel word.



HEELTYD SPEELTYD

"Daar is nie heinings aan die Botswana-kant van die Kgalagadi-oorgrenspark nie en diere het vrye toegang tot al die kampterreine.

"'n Silwervosgesin se lêplek was agter my tent en die welpies het elke oggend met dagbreek gaan speel. Ek het hulle een oggend op die grond ingewag met my kamera op 'n boontjiesak vir 'n foto uit 'n lae hoek."

HOE? Nikon D700, 600 mm-lens; lensopening f4; ISO 200; sluiterspoed 1/2.500 van 'n sekonde.

